

SONDAG 7 Jul 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID
OGGENDDIENS: Doop

LITURGIE

| <u>WIE</u> | <u>WAT</u> | <u>DETAIL</u> | <u>BORD/MUSIEK</u> |
|------------|-----------------------|---|--|
| | Voorsang | Lana de Jongh | Leon |
| Liturg | Welkom & groet | | |
| Liturg | Gebed | | |
| Liturg | Oproep tot lof | | |
| Hannes | Lof | <i>Baie onsekerhede - net een sekerheid</i> LB292:1-2 "My enigste troos" <i>Op 29 Mei 2002 is Nicolene Vlok gebore.</i> <i>Niemand mag haar keer...</i> LB293:1-3 "Jesus neem ons kleine kinders" <i>(Formulier)</i> LB294:1-3 Jesus roep die kindertjies" (Dopeling) U-1:1-2 "U goedertierenheid" | LB292:1-2 LB293:1-3 LB294:1-3 ugoeder (1-2) |
| Liturg | Doopbediening | (LB289:1 (Hannes), v2 Almal) | LB289:2 |
| Liturg | Oproep tot aanbidding | Jes 6:1-5 | |
| Hannes | Aanbidding | O-5:1-3 "Ons sien U Heer" LB172 "Heilig, heilig, heilig" JG18 "Heilig, heilig, heilig" (skuldbely) <i>Jes 6:5-8</i> | onssien (1-3) LB172 JG18 |
| Ouderling | Gebedslys | Corne Thomas / Jack Coetzer / Me Wolfaardt Persone in ons gemeente wat behuising soek Gesin wat deur egskeiding gaan Gesin in massamoord | |
| Hannes | Voorbidding | LB278 & 279 "Hoor ons bid o Heer" | LB278 & 279 |
| | | <u>Record aan</u> | <u>Klank: Record</u> |
| Ouderling | Voorbidding | | |
| Liturg | Skriflesing | Eks 20:1-11 (Inleidende teks: v5-6) | Skrif |
| Liturg | Preek | Wie se skuld is dit dat my tande stomp is? | Skrif |
| Almal | Toewyding | | |
| Liturg | Gebed | | |
| | | <u>Record af</u> | <u>Klank: Stop Record</u> |
| Diakens | Offergawe | Afkondings op bord | afkondig |
| Liturg | Afkondigings | | "Afkondig" |
| Hannes | Lied | | |
| Liturg | Seën | | |

PREEKSKETS

Opmerking:

- “van die wat my haat” nie in alle gedeeltes.
- NB = kontras tuusen 4 en 1000

Inleiding: voorbeelde

Ek wil julle gou vertel van 'n dogtertjie.

- Sy is 5 jaar oud.
- Die mooiste blonde haartjies.
- Blou-blou ogies.
- Dumpeltjies op haar wange.
- Die mooiste glimlag wat 'n mens kan voorstel.

Sy lê in 'n bedjie in die hospitaal.

- Sy gaan nooit 6 jaar oud word nie.
- Van geboorte af was sy baie siek gewees.
- En nou is sy sterwend.

'Haar pa en ma het albei rondgeloop.

- Later was hulle albei HIV-positief.
- Hulle albei het gesterf aan vigs.
- Sy is gebore met vigs.
- Sy gaan noit 6 jaar oud word nie.

Hoekom is dit so?

- Baie mense sê vigs is God se straf op die sonde?
- Vir wie se sonde word sy gestraf?
- Vir haar ouers se sonde?
- Straf God kinders vir hulle ouers se sonde?
- Is dit wat die Here bedoel het toe Hy gesê het: Ek besoek die misdaad van die vaders tot aan die 3e en 4e geslag....
- Sou dit regverdig wees as kinders vir hulle ouers se sondes gestraf word?

Kom ek noek vir u nog 'n voorbeeld?

'n Seuntjie se ma het 'n erge drankprobleem.

- Drankmisbruik is sonde.
- Sy raak swanger terwyl die drankprobleem het.
- Toe die seuntjie gebore word, is hy gestremd.
- Die dokter deel haar mee dat die drankmisbruik die grootste oorsaak van die kind se gestremdheid is.

Hoe verklaar 'n mens dit?

- Is dit die Here se straf?
- Vir wie straf HY: die ma of die kind?
- Gebruik Hy die kind om die ma te straf?
- Sal Hy my kind vir die res van sy lewe met gestremdheid straf omdat ek as ouer gesondig het?
- Is dit wat die Here bedoel het toe Hy gesê het: Ek besoek die misdaad van die vaders tot aan die 3e en 4e geslag....

So 'n persoonlike getuienisse:

Ons kinders het al 'n paar keer in die nag baie siek geword.

- Weet nie hoekom dit altyd in die nag gebeur nie.
 - Dit gebeur altyd as die dokters toe is.
- Ek onthou een spesifieke aand in Pretoria wat ons in die middel van die nag hospitaal toe gejaag het met Corniël - hy was verskriklik siek gewees.

- En daai aand, terwyl ons gesit en wag het vir die dokter
 - het ek my lewe letterlik voor my sien verbygaan.
 - Al my sonde.
 - Al my tekortkominge.
 - En daai aand het doodbang geword dat die Here my kind sal straf oor ons sondes.

Miskien het jy al by 'n 'n graf gestaan en daarvoor gewonder.

Of sit jy langs 'n kankerbed en wonder.

Of leef jy met 'n gestremde kind en wonder.

Ek wil saam met u in die Woord soek na antwoorde.

Bloedlyn-straf? (The sins of the fathers...)

Die teksgedeeltes:

*Ex 20:5 Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die **derde en vierde geslag van dié wat My haat**,⁶ maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooië gehoorsaam.*

*Ex 34:7⁷ Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die **derde en vierde geslag.**”*

*Num 14:18¹⁸ ‘Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders die sondes van vaders toe selfs tot in die **derde en vierde geslag.**’*

*Deut 5:9-10⁹ Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die **derde en vierde geslag van dié wat My haat**,¹⁰ maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooië gehoorsaam.*

*Jer 2:9⁹ Daarom kla Ek jou weer aan, sê die Here, en **ook jou nakomelinge** kla Ek aan.*

*Jer 32:18¹⁸ U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar **U straf kinders vir die sondes van hulle ouers.** Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige.*

Beteken dit dat God wel my kinders straf vir my sondes?

- Word hulle tande stomp as ek groen druiwe geëet het?
- Dit sou mos nie regverdig wees nie.

Self Job was in verset hierteen:

Job 21:19¹⁹ Spaar God dan sy rampe op vir die goddelose se kinders? God moet hom tog straf dat hy dit self weet!

Maar om die probleem nog groter te maak:

Die ander kant van die muntstuk / The other side of the coin:

- Teksgedeeltes wat presies die teenoorgestelde sê.

Deut 24:16¹⁶ “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.

2 Ki 14:6⁶ Hy het nie die kinders van die moordenaars ook laat doodmaak nie, soos dit op bevel

van die Here geskrywe staan in die wetboek van Moses: “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.”

2Ch 25:4 ⁴ Hy het nie hulle kinders ook laat doodmaak nie, want, soos op bevel van die Here geskrywe staan in die wet, in die boek van Moses: “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.”

Jer 31:34 ³⁴ 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: “Jy moet die Here dien” nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.

Dis interessant:

- In Deut 5 sê die Here Hy besoek die misdaad van die vaders ook aan die kinders - tot in die 3e en 4e geslag.
- 19 Hoofstukke verder maak Hy 'n Wet: “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.

Ek dink die Israëliete het hierdie saak ook nie so lekker verstaan nie.

En hulle het gedink die Here bedoel hulle kan/moet 'n hele gesin straf as daar verkeerde dinge gebeur het.

En nou kom die Here en Hy sê: Nee, wag 'n bietjie...

- Julle mag nie iemand straf vir iemand anders se sonde nie.
- Julle kan nie 'n kind straf as die pa drooggemaak het nie.
- Elkeen kan net vir sy eie sonde gestraf word.
- So sê die Here.

Hoe werk dit dan / How does it work?

- Aan die een kant: “Ek besoek die misdaad van die vaders tot aan die 3e en 4e geslag...”
- Aan die ander kant: ‘n Pa mag nie vir ‘n kind se sonde gestraf word nie en ‘n kind nie vir ‘n pa se sonde nie...

Wat bedoel hierdie tekste?

(I)

Dis belangrik om te sien waar in die Tien Gebooie dit staan.

- Deel van die 2e gebod ““Jy mag nie vir jou ’n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. ⁵ Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat...”
 - Dis nie deel van die 5e gebod
 - Of deel van die agste gebod nie
 - Om ‘n spesifieke rede is dit deel van die 2e gebod.
- Elke keer as die volk weggedraai het van die Here af, en ander gode aanbid het, het Hy 'n nasionale ramp oor hulle gebring.
 - 40 jaar in die woestyn
 - Ballingskap in Assirië
 - Ballingskap in Babilonië

- MAW: Hy het straf oor hulle gebring wat 'n direkte invloed op hulle kinders en kleinkinders gehad het.
 - Sy doel was nie om die kinders en kleinkinders te straf nie.
 - Maar die soort straf wat Hy oor Israel gebring het wanneer hulle die 2 egebod oortree het, het hulle kinders en kleinkinders direk geraak.
- Voorbeeld: *Num 14:33* ³³ *Julle kinders sal veertig jaar lank in die woestyn rondtrek. Hulle sal die gevolge van julle ontrou moet dra totdat julle almal se lyke in die woestyn lê.*
- Die Here wil al die grootmense wat Hom wantrou het straf.
 - Hulle mag nie in die land ingaan nie.
 - Hulle gaan in die woestyn sterf.
 - En die kinders.
 - Hulle moet geduldig saamtrek met hulle ouers totdat al die ouers gesterf het.
 - Dan kan hulle die land beërwe.
 - Die land is hulle s'n - maar hulle moet eers vir 40 jaar geduldig saam met hulle ouers deur die woestyn trek...

(II)

Blaai 'n bietjie saam met my na Esegïel 18:

Eseg 18: **18** Die woord van die Here het tot my gekom: ²“Waarom gebruik julle in die land Israel hierdie spreekwoord: ‘Die vaders eet groen druiwe, en dan word die kinders se tande stomp’? ³“So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “julle sal nie meer dié spreekwoord in Israel gebruik nie. ⁴ Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf. ⁵ Wie wil leef volgens my wil, sal reg laat geskied en reg doen: ⁶ hy sal nie aan die offermaaltye op die berge deelneem nie, hy sal nie hulp soek by die afgode van die volk Israel nie, hy sal nie 'n ander se vrou onteer nie, hy sal nie aan 'n vrou raak wat menstrueer nie, ⁷ hy sal niemand verdruk nie, hy sal goed wat hy in pand geneem het, teruggee, hy sal niemand beroof nie, hy sal van sy kos gee vir dié wat honger is, hy sal klere gee vir dié wat nie klere het nie, ⁸ hy sal nie geld op rente uitleen nie en nie woekerwins vat nie, hy sal hom van onreg weerhou en reg laat geskied in sake tussen mense, ⁹ hy sal lewe volgens my voorskrifte, my bepalings gehoorsaam en hulle getrou nakom. So iemand leef volgens my wil en hy sal bly lewe,” sê die Here my God.

¹⁰ “Maar so iemand kan 'n wilde seun hê wat moord pleeg of van dié sondes doen ¹¹ terwyl die pa dit nie gedoen het nie. As die seun aan die offermaaltye op die berge deelneem, 'n ander se vrou onteer, ¹² die mens in nood en die arme verdruk, mense beroof, goed wat hy in pand geneem het, nie teruggee nie, hulp soek by afgode en so afskuwelike dade pleeg, ¹³ geld op rente uitleen of woekerwins vat, kan hy nie bly lewe nie. Hy sal nie bly lewe nie, hy het al hierdie afskuwelike dinge gedoen en hy moet dood. Hy verdien die dood. ¹⁴ “Maar so 'n seun kan op sy beurt 'n seun hê, en dié kan al die sonde sien wat sy pa doen en My dien en nie sulke sondes doen nie. ¹⁵ Hy neem nie deel aan die offermaaltye op die berge nie, soek nie hulp by die afgode van die volk Israel nie, onteer nie 'n ander se vrou nie, ¹⁶ verdruk niemand nie, vat niks in pand nie, beroof niemand nie, gee van sy kos vir dié wat honger is, gee klere vir dié wat nie het nie, ¹⁷ weerhou hom van verdrukking, vat nie rente of woekerwins nie, doen wat Ek bepaal en lewe volgens my voorskrifte. So iemand sal nie sterf vir sy pa se sondes nie, hy sal bly lewe. ¹⁸ Maar sy pa sal sterf vir sy eie sonde. Hy het mense verdruk en beroof en het verkeerde dinge gedoen tussen sy mense. ¹⁹ “Julle vra waarom die seun nie die straf op sy pa se sonde kan dra nie? Omdat die seun reg laat geskied en reg leef. Hy is gehoorsaam aan al my voorskrifte en hy voer hulle uit, en daarom sal hy bly lewe. ²⁰ Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra.

²¹ “Maar die goddelose wat hom van al sy sondes bekeer, al my voorskrifte nakom, reg laat geskied en reg doen, sal bly lewe, hy sal nie sterwe nie. ²² Nie een van sy oortredings wat hy begaan het, sal teen hom gehou word nie. Hy sal bly lewe op grond van die reg wat hy doen. ²³ Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer van sy verkeerde dade en dat hy bly lewe. ²⁴ “En as iemand wat altyd my wil gedoen het, ophou om dit te doen en onreg pleeg en die afskuwelike dinge doen wat die goddelose doen, sal hy nie bly lewe nie. Nie een van die goeie dinge wat hy gedoen het, sal in sy guns tel nie, want hy het ontrou geword en hy sal sterf op grond van sy sonde wat hy gedoen het. ²⁵ “Julle sê:

‘Die Here tree nie reg op nie.’ Luister, Israel, tree Ék nie reg op nie? Dit is julle wat nie reg optree nie! ²⁶ As iemand wat altyd my wil gedoen het, ophou om dit te doen en onreg pleeg en op grond daarvan sterf, sterf hy op grond van die onreg wat hy gepleeg het. ²⁷ En as ’n goddelose hom bekeer van sy goddelose optrede en hy laat reg geskied en doen reg, hou hy hom in die lewe. ²⁸ Omdat hy tot insig gekom het en hom bekeer het van al sy oortredings wat hy begaan het, sal hy bly lewe, hy sal nie sterwe nie. ²⁹ En dan sê Israel: ‘Die Here tree nie reg op nie.’ Is dit Ek wat nie reg optree nie, Israel? Dit is julle wat nie reg optree nie!¹

Wanneer word kinders vir ouers se sondes gestraf?

- Slegs wanneer hulle dieselfde sonde as hulle ouers doen.
- As hulle op die verkeerde pad loop wat hulle ouers geloop het, en hulle doen die verkeerde dinge wat hulle ouers gedoen het, dan dra hulle dieselfde straf as hulle ouers...
- Voorbeeld: *1 Kon 21:29* ²⁹ “*Het jy gesien Agab het hom voor My verootmoedig? Omdat hy hom voor My verootmoedig het, sal Ek die ramp nie tydens sy lewe laat plaasvind nie. Tydens die bewind van sy seun sal Ek die ramp oor sy familie bring.*”

Weet julle wat staan hier in Eseg 18?

- Die oomblik wanneer iemand hom bekeer (skuld bely & terugdraai na die Here)
- Stop alle straf.
- Word so ‘n persoon vrygespreek.
- Belowe die Here: Hy sal nie hom of sy kinders straf nie.
- Tensy: sy kinders hulle nie ook bekeer nie.
- Dan sal hulle self die straf vir hulle sonde dra.

En u kan van my verskil...

- Maar in die lig van Eseg 18 is dit vir my moeilik om te aanvaar dat selfs vigs God se straf is.
- Want Hy sê self: Hy sal nie ‘n kind vir sy ouers se sonde straf nie.

Wat van Dawid en Batseba se kind?

- Hoekom het hy gesterf vir sy ouers se sonde?
- Dis nie so eenvoudig nie.
 - Hy was Dawid se eersteling.
 - Hy sou koning word.
 - Maar hy is uit owerspel gebore.
 - Daarom het die Here sy lewe geneem.
 - Nie soseer om Dawid te straf nie.
 - Maar om te keer dat hy die koning sou word.
 - Kort daarna het Batseba weer swanger geword.
 - En toe is Salomo gebore.
 - En Hy was geskik om koning te word.
 - En die Here het hom nooit gestraf vir sy pa en ma se sonde nie.

Eseg 18:20 ’n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en ’n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra.

2 Ander perspektiewe / other perspectives:

Ek kom terug na die voorbeeld in Num 14:33

³³ *Julle kinders sal veertig jaar lank in die woestyn rondtrek. Hulle sal die gevolge van julle ontrou moet dra totdat julle almal se lyke in die woestyn lê.*

Ons moet twee sake baie mooi onderskei:

- Straf
- Invloed

God straf nie my kinders vir my sondes nie - Prys die Here!!!
Maar my sondes het 'n reuse invloed op my kinders.

Sisteemteorie / system theory

Voorbeeld 1:

- Seun van 9 met plastiese rektum

Voorbeeld 2:

- Dogter van 9 - pa het haar vir 50c aan swartmans verkoop - vandag wil sy aanhou om dit te doen.

2 Ki 15:9⁸ In die ag en dertigste regeringsjaar van koning Asarja van Juda het Sagaria seun van Jerobeam oor Israel koning geword en ses maande in Samaria geregeer. ⁹Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here soos sy voorvaders. Hy het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie..

Jer 14:20²⁰ Ons erken dat ons opstandig was, Here, ons het teen U gesondig. Ons bely ook die skuld van ons voorvaders.

2 Kron 30:7⁷ Moenie soos julle vaders en julle broers maak nie wat ontrou was teenoor die Here, die God van hulle voorvaders, sodat Hy van hulle iets gemaak het waarvoor mense net die hande van verbasing inmekaar kan slaan, soos julle kan sien.

Biologies / Biological

Voorbeelde:

- vigs
- rook of drank tydens swangerskap
- Duitse masels - polio
- Dwelmafhanlikheid.

Samevatting:

God gaan nie my kinders straf oor dit wat ek doen nie.

- As ek dit bely, vergewe Hy dit.
- As ek dit nie bely nie, straf Hy my oor my sonde.
- Maar Hy straf nie my kinders nie.

Maar dit wat ek doen, het 'n reuse invloed op hoe hulle gaan lewe.

- Daarom: as ek verkeerd gelewe het, en nou leef my kind ook so
 - Dan gaan die Here hom straf vir dit sy bekeerde lewe.
 - Dan het ek 'n rol gespeel in my kind se straf.
 - Daarom: bid vir die Here se vergifnis - vra Hom om jou kind ook te verander.
 - Bely jou skuld teenoor jou kind.
 - My kind, ek het jou verkeerd geleer.
 - Ek het dit ook gedoen - dis verkeerd.
 - En as jy jou nie bekeer nie gaan die Here jou straf.

Ten slotte: 'n Nuwe perspektief

Joh 9: Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind was. ² Sy dissipels vra Hom toe: “Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?” ³ En Jesus antwoord: “Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.

Here, hoekom het dit of dit in ons lewens gebeur?

- Hoekom het ons 'n kind verloor?
- Hoekom is my kind gestremd?
- Hoekom is my kind baie siek.

Staf U my?

Starf u my kind vir my sonde?

Nee.

Hoekom is Hy dan blind?

- Sodat die werke wat God doen in Hom gesien kan word.

Hoekom is my gestremd?

- Sodat ander mense kan leer om mense met gebreke lief te hê en die werke van God sodoende in hom gesien kan word.

Hoekom moes ek my kind verloor?

- Sodat ons kan leer dat die ewige lewe regtig is en die werke van God sodoende in hom gesien kan word.

Hoekom moes my kind met vigs gebore word.

- Sodat ons kan leer wat God se bedoeling met seks in die huwelik was, en die werke van God sodoende gesien kan word.

1. Die Bybel Nuwe Vertaling, (Suid-Afrika: Bybelgenootskap Van Suid-Afrika) 1983.